

VOORGESTELDE BELEID

Vereistes om te kwalifiseer vir toekenning van 'n perseel

1. Bewys van lidmaatskap van minstens 50 plaaslike persone (woonagtig in die Munisipale gebied / of betrokke dorp) wat lid is van die betrokke Kerk / Gemeente / Godsdienstige genootskap.
2. Bewys van die Grondwet van akte van oprigting van die Kerk / Godsdienstige genootskap.
3. Bewys van registrasie van Kerk / Godsdienstige genootskap by 'n erkende ekeunemiese liggaam. Genootskappe wat nie oor ekeunemiese registrasie beskik nie, sal nie kwalifiseer vir 'n erftoekenning nie.

Voorwaardes vir toekenning

1. Slegs een perseel per dorp word aan 'n spesifieke gemeente van 'n Kerk / Godsdienstige genootskap toegeken.
2. Die perseel toegeken na die verkrygingsbestuursproses, moet ontwikkel word vir die gebruik binne 36 maande na oordrag van 'n perseel in die naam van die Godsdienstige genootskap. 'n Bouplan vir die ontwikkeling van 'n perseel moet binne 12 maande na oordrag van die perseel, ingedien word by die Munisipaliteit vir goedkeuring. Konstruksie van 'n goedgekeurde struktuur moet in aanvang neem binne 24 maande na goedkeuring van 'n bouplan en voltooi wees vir gebruik binne die periode van 60 maande toegelaat en bereken vanaf datum van oordrag van die perseel. By enige versuim val die perseel terug na die Munisipaliteit vir hertoekenning.
3. 'n Perseel word slegs toegestaan vir die oprigting van 'n plek van aanbidding as primêre gebruik. Sêkondere gebruike vir nie-winsgewende gemeenskapsprojekte is vanaf die betrokke perseel toelaatbaar.
4. Oordrag van 'n perseel toegeken binne 12 maande van die kennisgewing van toekenning geskied, anders verval die aanbod.
5. Dat kerkerwe binne drie (3) maande na toekenning / oordrag behoorlik omhein word.
6. Dat daar binne vier en twintig (24) maande 'n struktuur opgerig moet wees, wat sitplek vir ten minste 50 gemeentedele kan bied.